


# 24-7 GEBED VIR HERLEWING
## 8-14 DESEMBER 2025

In 'n wêreld wat gekenmerk word deur morele agteruitgang en veranderende waardes, ervaar gelowiges 'n dringende oproep tot gebed. Ten spyte van die nuusopskrifte wat lui dat die mensdom vêr van God afgedwaal het, is daar steeds hoop. Die geskiedenis toon 'n goddelike draad van verlossing wat deur geslagte loop, van die wie getrou met Hom gewandel het. Hul gehoorsaamheid het seëninge gebring vir beide hul natuurlike en geestelike nageslag.

In hierdie tweede week van ons reeks, *'Fokus op die Gesinslewe'*, nooi ons jou uit om die Here te soek en te bid vir gesinne om te verklaar, *"Wat my en my huis betref, ons sal die Here dien," en* 'n blywende nalatenskap agter te laat van morele krag, respek vir ander en standvastige toewyding aan God.

---

**MAANDAG 8 DESEMBER 2025**
**EERSTE GENERASIE GELOWIGES**
*"My Gees wat op jou is, en my woorde wat Ek in jou mond gesit het, sal nie wyk uit jou mond of uit die mond van jou nageslag of uit die mond van jou nageslag nie," sê die HERE, "van hierdie tyd af en tot in ewigheid."* (Jesaja 59:21).

**Kom ons bid**
- Bid vir **eerstegenerasie Christengesinne** wat verloëning, verwerping en eensaamheid verduur het omdat hulle Jesus volg.
- Bid dat hulle enige valse praktyke of betrokkenheid by werke van duisternis, wat deel van hul vroeëre geloofstelsel was, sal bely en aflê.

**Verklaar oor gesinne in jou gemeenskap:** Die Gees van God sal op jou en jou volgende geslag rus omdat jy op Sy weë ag slaan.

---

**DINSDAG 9 DESEMBER 2025**
**LAAT 'N GEESTELIKE ERFENIS NA**
*Geslag na geslag prys wat U doen en vertel van u magtige dade...* (Psalm 145:4).

**Kom ons bid**
- Bid vir **ouers en grootouers** om getuienisse van God se goedheid en getrouheid met die jonger geslag te deel.
- Bid dat **kinders en jeugdiges** God persoonlik sal ontmoet en teenoor ouer gelowiges met vrymoedigheid sal deel wat Hy in hul generasie doen.
- Vra God om **vergifnis vir die skeiding tussen generasies** wat veroorsaak word deur harte wat louwarm geword het of van Hom af weggedraai het.

**Verklaar oor generasies in jou stad:** Loof God! Verkondig Sy werke en magtige dade!

---

**WOENSDAG 10 DESEMBER 2025**
**GEESTELIKE MENTORSKAP**
*Ek dink ook aan jou opregte geloof, dieselfde geloof wat al in jou ouma Loïs en in jou ma Eunice was, en wat, daarvan is ek oortuig, ook in jou is.* (2 Timoteus 1:5).

**Kom ons bid**
- Bid vir ouers – **veral diegene wat nie in Christelike huise grootgeword het** nie – om gelei te word deur Geesvervulde mentors wat hulle sal help om in God se wysheid en waarheid te wandel.
- Bid vir gesinsberaders om holistiese, Christus-gesentreerde leiding te bied wat **gesinne help om sterk fondamente te bou** en individue te vorm wat standvastig is in hul identiteit in Christus en in lyn met Sy doel vir hul lewens.

**Verklaar oor geestelike mentors en dissipels:** Mag julle tot eer van die Here lewe deur net te doen wat Hy verlang. Mag julle vrug dra deur goeie werke en toeneem in die kennis van God. (Kolossense 1:10).

---

**DONDERDAG 11 DESEMBER 2025**
**WEES VAN 'N ANDER GEES**
*Jabes het die God van Israel aangeroep met die woorde: "Stort u seën oor my uit, vergroot my grondgebied, neem my onder u beskerming en weerhou onheil van my sodat geen smart my tref nie." God het laat gebeur wat hy gevra het.* (1 Kronieke 4:10).

**Kom ons bid**
- Bid vir ouers om God ernstig aan te roep om gewoontes of gesindhede aan hulle te openbaar wat gewortel is in trauma of sonde van die verlede.
- Vra die Heilige Gees om hulle te help **om bevry te word van hierdie patrone** en in die genesing van God se waarheid te wandel.
- Bid dat transformasie wat in die ouers plaasvind, **herstel in hul kinders en toekomstige geslagte sal bring.**

**Verklaar oor gebroke gesinne:** *Die Gees wat God (julle) gegee het, maak (julle) immers nie lafhartig nie, maar vul (julle) met krag en liefde en selfbeheersing.* (2 Timoteus 1:7).

---

**VRYDAG 12 DESEMBER 2025**
**GEBEDE VIR DIEGENE WAT NÁ JOU SAL GLO**
*Ek bid vir hulle. Ek bid nie vir die wêreld nie maar vir dié wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort.* (Johannes 17:9). *Laat hulle aan U toegewy wees deur die waarheid. U woord is die waarheid.* (Johannes 17:17).

**Kom ons bid**
- Bid vir mentors en dissipelmakers om Jesus se voorbeeld te volg deur **gereeld te bid vir die geestelike beskerming** van mense onder hul leiding.
- Kinders is die 'interne' dissipels van ouers. Vra dat ouers hulle gereeld sal **seën en vir hulle kinders sal bid** en oor hulle geestelike welstand sal waak.
- Bid vir beide mentors en ouers om God te soek en op Hom te steun **as die Bron van alle wysheid** – om oor Sy Woord na te dink en nie Sy waarheid te betwyfel nie.

**Verklaar oor jong dissipels in jou familie:** *Kom ondervind en sien self dat die Here goed is! Dit gaan goed met die mens wat by Hom skuil.* (Psalm 34:9).

---

**SATERDAG 13 DESEMBER 2025**
**DRA VAARDIGHEDE OOR**
*Hulle het almal onder leiding van hulle pa die sang in die huis van die Here...* (1 Kronieke 25:6).

**Kom ons bid**
- Bid vir vaders om aktief betrokke te wees by hul kinders se lewens – om hulle in gebed te lei deur elke seisoen, aan te moedig en met goddelike raad te bedien.
- Bid vir **vaderfigure en mentors** om die Godgegewe gawes in die jonger geslag te onderskei en om hierdie talente te koester met die vrees van die Here.
- Vra dat **praktiese vaardighede, kreatiewe vermoëns en entrepreneurswysheid** van ouers na kinders oorgedra word, wat siklusse van werkloosheid en afhanklikheid in gesinne en gemeenskappe verbreek.

**Verklaar talente en gawes binne gesinne:** Julle geskenke sal vir julle die pad oopmaak (Spreuke 18:16). *Vertrou op die HERE, en doen wat goed is; bewoon die aarde en beoefen getrouheid…* (Psalm 37:3).

---

**SONDAG 14 DESEMBER 2025**
**ONDERRIG VAN OUERS**
*My seun, luister na die tug van jou vader, en verwerp die onderwysing van jou moeder nie; want dit is 'n lieflike krans vir jou hoof en sierlike kettings vir jou hals.* (Spreuke 1:8-9).

**Kom ons bid**
- Bid vir **moeders en vaders om hul Godgegewe verantwoordelikheid** en gesag met nederigheid en volkome afhanklikheid van Hom na te kom.
- Vra dat **moeders hul kinders met liefde, sagmoedigheid en vertroosting sal koester en lei**. Bid dat hulle hul bekommernisse op die Here sal werp.
- God se hart word weerspieël deur die **wysheid, liefde en dissipline van vaders**. Bid vir vaders om God ernstig te soek, sodat Sy karakter deur hul lewens aan hulle kinders geopenbaar word.

**Verklaar oor ouers:** *Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie.* (Spreuke 22:6).

---